

OORENKOMS VIR ELEKTRISITEITSVOORSIENING

Hersiening 2/2016



Werkopdragnr: _____

Lêerverwysing: 16/2 /1

Nuwe Installasie	Bouersaansluiting	Verander	Verwyder	Herposisioneer	Opgradering
------------------	-------------------	----------	----------	----------------	-------------

Datum waarop diens verlang word: _____

Efnr:	Voorstad/Wyk	Rekeningnr:		
Naam & Van:		Titel:		
Posadres:		Eposadres :		
	Poskode:	Faksnr:		
Straatadres / Ligging:		BTW Registrasiennr.:		
Kontaknr:	Huis	Werk	Selfoon	
Merk:	Residensieel	Besigheid	Industrieel	Groepontwikkeling
Ander: (bv. plaas – spesifiseer)				
Merk:	Tipe Meter verlang	Konvensioneel (slegs vir Besighede)	Voorafbetaal	Tyd van Verbruik

STANDAARDAANSLUITING TOT BY GRENS VAN ERF

Huishoudelik	15A EF*	30A EF*	60A EF*	Kommersieel	60A EF*	20A DF**
Industrieel	60A EF*	20A DF**	40A DF**	60A DF**	*Enkelfase (EF)	**Driefase (DF)

ONGESTANDAARDISEERDE AANSLUITING: KONTAK DEPARTEMENT ELEKTROTEGNIESE DIENSTE

Tyd van Verbruik	Driefase	NMD	kVA	AMP	Grootmaat Dienstheffing
------------------	----------	-----	-----	-----	-------------------------

Die elektrisiteit wat voorsien word, is slegs vir die gebruik van hierdie perseel en voorsiening aan enige derde party word ten STRENGSTE VERBIED. "SSEG" Terugvoer van oortollige elektrisiteit in die Munisipale netwerk word ten STRENGSTE VERBIED, tensy goedkeuring verkry is.

Ek/ons, die ondergetekende, doen hiermee aansoek om 'n elektrisiteitsaansluiting vanaf die munisipale toevoer na die bogenoemde perseel ooreenkomstig die Verordening op Standaardelektrisiteitsvoorsiening, Overstrand se kredietbeleid, SANS 10142-1, NRS 047 en NRS 048. **(Neem asseblief kennis dat gelde gehef sal word indien die diens gekanselleer word.)**

Handtekening van Aansoeker _____

Datum _____

SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK

Aansluitingsgelde		Insl. BTW	Kwitansie:		Datum:	
Deposito			Kwitansie:		Datum:	
Bouersaansluiting		Insl. BTW	Kwitansie:		Datum:	
Uitbreiding "BICL"		Insl. BTW	Kwitansie:		Datum:	

Handtekening van Kassier _____

Datum _____

Ou Meternr:		Ou Lesing		Ou Seëlnr	
Nuwe Meternr:		Nuwe Lesing		Nuwe Seëlnr	
TIPE METER					

Tariefkode:									
Enkelfase		Amp		KVA Aanvraag "NMD"		"CT Ratio"			
Driefase		Amp		Tyd van Verbruik		Toevoerspanning		Kiosk/Paalnr	

Opmerkings _____

Aansluiting voltooi:
Handtekening van Elektriëen _____

Datum _____

Handtekening van
Superintendent: _____

Datum _____

slen keersy

VOORWAARDES VIR ELEKTRISITEITSVOORSIENING

ALGEMEEN

- 1) Die voorsieningsowerheid is Munisipaliteit Overstrand en vir die voorwaardes hieronder sal die woord munisipaliteit geld.
- 2) Die volgende opsies is beskikbaar:
 - Die huidige perk vir die standaard HUISHOUDELIKE diensaansluiting is 60A enkelfase.
 - Die huidige perk vir die standaard KOMMERSIËLE diensaansluiting is 60A enkelfase of 20A driefase.
 - Die huidige perk vir die standaard INDUSTRIËLE diensaansluiting is 60A enkelfase of 20A/40A of 60A driefase.
 - Indien 'n ONGESTANDAARDISEERDE/GROOTMAAT-aansluiting benodig word, kontak die Departement Elektrotegniese Dienste.

MUNISIPALITEIT – VERPLIGTINGE EN BESONDERHEDE VAN TOEVOER

- 3) Die Munisipaliteit sal daarna streef om 'n konstante toevoer van elektrisiteit teen 'n stroomspanning van 230 volt tussen fase en neutraal en frekwensie van 50 hertz te voorsien, namate omstandighede dit toelaat en sal daarna streef om te verhoed dat die stroomspanning van die toevoer van die normale stroomspanning teen +/- 10% (plus/minus tien persent) afwyk, maar waarborg nie dat dieselfde stroomspanning voortdurend gehandhaaf sal word nie.
- 4) Die Munisipaliteit sal die meettoestel en die toerusting vir die lewering van elektrisiteit aan die verbruiker se perseel tot by die erfgrens voorsien, installeer en in stand hou onderworpe aan die bepaling dat, waar 'n verdeelbord ("ready board") geïnstalleer is, die verbruiker vir die instandhouding daarvan verantwoordelik sal wees.
- 5) Die Munisipaliteit sal op versoek teen betaling van toetsgelde, die meettoestel toets. Sodanige gelde sal terugbetaalbaar wees indien die toets enige onjuisthede van meer as 2% (twee persent) toon, soos voorgeskryf in NRS057/SANS474 klousule 4.4.2.
- 6) Die Munisipaliteit kan van die verbruiker verwag om hom te vergoed vir enige uitgawes wat hy ten opsigte van 'n fout met die elektriese installasie moet angaan.
- 7) 'n Tydelike aansluiting sal vir 12 (twaalf) maande geldig wees, waarna 'n nuwe aansoek voltooi moet word vir voortgesette gebruik.
- 8) Die Munisipaliteit is geregtig daarop om 'n tydelike aansluiting te verwyder, indien die voorwaardes wat daarop betrekking het, nie nagekom word nie.
- 9) Elke geregistreerde erf sal van slegs een aansluiting en een meter voorsien word, tensy andersins goedgekeur deur 'n gevolmagtigde amptenaar van die Munisipaliteit.

VERBRUIKER SE VERPLIGTINGE

- 10) Die Verbruiker sal aansluitingsgelde aan Munisipaliteit Overstrand betaal alvorens die toevoer beskikbaar gestel word, en ondanks die betaling van sodanige gelde, sal enige lyn, kabel, meter of ander toerusting wat deur die Munisipaliteit voorsien en op die perseel geïnstalleer word, die eiendom van die Munisipaliteit bly, wat daarop geregtig sal wees om die tersaaklike aansluiting aan die verbruiker op te eis en te verwyder.
- 11) Die Verbruiker sal die Munisipaliteit se gemagtigde verteenwoordiger teen alle redelike tye vrye toegang tot die perseel vergun vir die doel om die meettoestel te inspekteer en/of in stand te hou, of om die toestel te toets indien so deur die Verbruiker/Munisipaliteit versoek is.
- 12) Alle bedrading van die verbruiker se perseel sal ooreenkomstig die standaardregulasies SANS 10142-1 vir die bedrading van persele deur 'n geregistreerde elektriese kontrakteur uitgevoer word.
- 13) Die verbruiker sal toereikende stappe neem om sy elektriese toestelle/toerusting te beskerm teen skade wat weens onderbrekings van en skommeling in die toevoer veroorsaak word en die Munisipaliteit sal nie aanspreeklik gehou word vir enige skade of koste vir die Verbruiker wat hieruit voortspruit nie.
- 14) Indien elektrisiteit vir 'n aaneenlopende tydperk van 6 (ses) maande nie gebruik word nie, sal die Munisipaliteit daarop geregtig wees om die toevoer terstond te staak en alle apparaat en toerusting wat op die perseel geïnstalleer is, te verwyder.
- 15) Die verbruiker is daarop geregtig om die elektrisiteit wat voorsien word slegs vir dié perseel te gebruik en die voorsiening van sodanige elektrisiteit aan enige derde party word verbied.
- 16) As 'n veiligheidsmaatreël, sal die Verbruiker nie enige struktuur of enige plantegroei toelaat binne sodanige veilige afstand vanaf die munisipaliteit se toerusting, as wat periodiek deur die Munisipaliteit voorgeskryf word nie.
- 17) Die Verbruiker sal nie met die apparaat en toerusting van die Munisipaliteit peuter nie. Indien die Verbruiker enigsins verlang dat die munisipaliteit se oorhoofse lyn of diens kabel of die ligging van die Munisipaliteit se toerusting gewysig word, sal dit vir die verbruiker rekening wees.